

Gereformeerde Kerk Bellville – 20 Mei 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 105:1, 5 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Gebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde^{en} volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde^{en} is ongeregtigheid!
Maar ons lewe^{en} uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Skriflesing: Efesiërs 4:17-5:5; Heidelbergse Kategismus, Sondag 33

Kernvers: Efesiërs 4:22-24

Julle (moet), wat die vorige lewenswandel betref die oue mens aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en julle (moet) vernuwe word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. (Efesiërs 4:22-24 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).

(a) Rom 6:1, 4-6; Efes 4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).
(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs dié wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie dié wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).
(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Efes 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Tema: As jy Christus ken, is jy besig met ware bekering

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in 'n mens se lewe is daar baie verskillende fases. Ons sien dit duidelik in die natuurlike lewe van die mens. Daar is die fase van babatjie wees, dan peuters en kleuters, laerskool en hoërskool, jong volwassenes, totdat 'n mens later ook 'n bejaarde is. In 'n sekere sin is daar in 'n mens se verhouding met die Here ook fases. Dit begin wanneer 'n mens nog 'n peuter en 'n kleuter is – dit is die fase waarin grootmense ons onderrig in die Woord van die Here en ons begelei in ons verhouding met die Here. Hierdie fase in ons geloofslawe noem ons normaalweg katkisasie.

Soos by die fases van ons natuurlike lewe, kom die fase van katkisasie ook tot 'n einde. Maar nou gebeur die tragiese dat baie mense dink as hulle nou klaar is met katkisasie, is hulle ook heeltemal klaar met leer en groei ten opsigte van hulle verhouding met die Here. Die mense wat so dink, maak nie sommer weer ons belydenisskrifte oop nie. Sommige bēre selfs hulle Bybel weg, want hulle het mos nou klaar geleer. Die enigste kere wat hulle die Bybel miskien sal uithaal, is wanneer hulle in nood is om dan antwoorde by die Here te soek. Sommige bēre nie net hulle belydenisskrifte en hulle Bybel nie, hulle raak sommer heeltemal weg. Hulle kom nie meer in eredienste nie, word nooit deel van 'n Bybelstudiegroep nie, raak so weg dat hulle nooit hulle gawes kan ontwikkel of aanwend tot eer van God en tot voordeel van ander lidmate nie.

Broers, susters en kinders, dit is inderdaad so dat as God 'n mens uitverkies het, is daar niks en niemand wat kan keer dat Hy daardie mens tot bekering bring nie. Die Heilige Gees sal aan daardie mens die geloof in Christus gee. En die kragtige werk van die Heilige Gees verseker dat daardie mens uiteindelik ook die ewige lewe in sy volheid sal beërwe. Hierdie eerste bekering van die mens noem ons ook die wedergeboorte wat die Heilige Gees aan 'n mens skenk.

Wedergeboorte beteken egter nie dat 'n mens dan nou volmaak is nie. Wedergeboorte beteken ook nie dat 'n mens niks meer hoef te doen om in jou verhouding met die Here te groei nie. Wedergeboorte is die begin van 'n mens se geloofslawe – die begin van jou verhouding met die Here. Die wedergebore mens word deur die Heilige Gees verseker dat God hom ter wille van Christus se volmaakte werk regverdig verklaar.

By die wedergeboorte kom daar 'n drastiese verandering by 'n mens. Die Heilige Gees draai 'n mens honderd en tagtig grade om. Waar die mens vroeër nie graag na die Here geluister het nie en net gedoen wat sy sondige hart hom voorgesê het, het Hy die mens se hart en gesig na die Here toe gedraai. Hy maak die mens gewillig en bereid om na die Here te luister en te begin doen wat die Here verwag.

'n Gelowige mens verander in hierdie lewe nie van sondaar na sondelose mens nie. In hierdie lewe is gelowiges altyd in die proses om te verander en aan die beeld van Christus gelyk te word. Gelowiges is altyd op pad na daardie punt waar hulle sondeloos en volmaak sal wees. Eers by sy eie dood sterf die gelowige sy sonde af en by die wederkoms sal hy

as volkome mens sondeloos voor God kan lewe.

Die Here maak dit vanaand aan ons duidelik dat iemand wat die evangelie gehoor het en Christus leer ken het as sy Verlosser nie meer kan voortgaan met die ou manier van lewe asof niks gebeur het nie. Die mens aan wie die Heilige Gees die wedergeboorte geskenk het se lewe verander aanhoudend.

As 'n gestuurde van die lewende Christus doen Paulus 'n ernstige beroep op elke gelowige dat hulle in hulle gees en gemoed vernuwe moet word. Op bevel van Jesus Christus moet elke gelowige se gees en gemoed nuut word. Die Here gee hierdie oproep nie net aan sommiges nie, maar aan almal wat met Christus se bloed losgekoop is.

Maar wat beteken dit om in jou gees en gemoed nuut te word? In eenvoudiger taal gesê: Gelowiges se gedagtes, hulle houding in die lewe, hulle manier van dink oor dinge, in die diepste van hulle wese, daar waar hulle gedagtes en begeertes begin, moet hulle nuut word. Gelowiges se uitkyk op die lewe moet totaal anders wees. Hulle streef daarna om God met hulle hele lewe tevrede te stel, reg op te tree en toegewyd aan God te lewe in ooreenstemming met die eise van die evangelie.

Ons wil graag hoor wat dit beteken om vernuwe te word en waaruit hierdie vernuwingsproses bestaan. Maar voordat ons daarby uitkom, laat ons eers hoor wat die motivering is. Waarom sal 'n gelowige hom daagliks wil bekeer?

Wie gelowig geword het, het Christus leer ken. Wat weet gelowiges van Christus? Ons wat glo, weet dat Christus die Seun van God is wat mens geword het. Oor ons sondes het God Hom aan die verskriklike dood aan die kruis oorgegee om te sterf. Omdat Christus volmaak sy Vader se wil uitgevoer het, is Hy ook uit die dood opgewek en deur God verhef tot in die hemel aan sy regterhand van waar Hy die kerk en die wêreld regeer.

Ons het egter nog meer as dit leer ken. In baie preke en in baie katekisasiestelle is Christus se absolute heerskappy verkondig. Trouens, ons bely elke Sondag dat Hy ons Here is. Hy is ons Eienaar en Hy het alleenseggenkap oor ons lewe. Hy is Koning in ons lewens en Koning in sy kerk. Hy regeer ons met sy Gees en Woord regverdig. En deur sy Gees en Woord begelei Christus gelowiges om aan die eise van sy koninkryk te voldoen, om geheel en al anders te lewe as ander mense.

'n Mens leer Christus nie net ken deur wat ander mense van Hom vertel nie. Elke keer wanneer die Woord gelees word, is dit Christus self wat ons onderrig sodat ons Hom en sy Vader kan ken. Wanneer ons geleer word hoe 'n mens se lewe lyk wat getrou is aan God se Woord, is dit Christus self wat ons van Homself leer. Wie Christus dus leer ken het, het ook kennis gemaak met 'n nuwe lewenswyse.

Hierdie nuwe lewenswyse is dié van 'n volgeling van Jesus Christus. Omdat die Heilige Gees die gelowige gewillig en bereid maak om vir die Here te lewe, strewe hy daarna om elke keer presies in die voetspoor van Jesus te trap wanneer hy Hom volg. Dit beteken hy begeer om presies op te tree soos wat Christus opgetree het, want Christus is volmaak en Hy het sy Vader met sy hele lewe tevrede gestel.

Hoe verloop die vernuwingsproses vir die mens wat Christus leer ken het en in Hom glo? Paulus beskryf dit in ons kernverse met die beeld van uittrek en aantrek. Onder leiding van die Heilige Gees stroop die gelowige die ou mens wat hom met sy sondige begeertes wil meegesleep en oorrumpel van hom af, soos wat 'n mens van vuil klere ontslae raak. En in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees beklee hy hom met die nuwe mens, soos wat 'n mens skoon, netjiese klere aantrek.

In ons Kategismus bely ons dat hierdie vernuwingsproses die ware bekering genoem word. Ware bekering bestaan uit twee dele: **die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens**. In die wyse waarop ons dit sê, hoor ons dit is nie iets wat een maal gedoen word in hierdie lewe en dan is dit klaar nie. Dit is 'n voortdurende proses van afsterf en opstaan.

Die afsterwing van die ou mens beteken dat 'n mens **'n hartlike berou het dat jy God deur jou sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug**. Die Heilige Gees lei 'n mens met die Woord om agter te kom dat die dinge wat jy doen nie in ooreenstemming is met die wil van God nie. Baie maal is dit dinge wat ons so outomaties doen en nooit agterkom dat dit teen God se wil is nie. As ander mense ons daarop wys dat wat ons doen verkeerd is, raak ons vinnig opstandig. Maar die Heilige Gees lei ons met die Woord en wys vir ons dat ons met hierdie dinge wat ons doen nie presies in die voetspoor van Jesus trap nie. Dan beteken dit mos dat ons nie die Here Jesus volg nie en daarom ook nie God tevrede kan stel met ons daede of woorde nie.

Inteendeel, met sulke daede vertoorn ons God. Wanneer die Heilige Gees jou dan laat beseft dat jy die Vader vertoorn het, kan die ware gelowige nie anders as om van harte berou te hê oor sy sondes nie. Jy beseft dat jy jou teen die almagtige God verset het en jy bedroef die Heilige Gees wat jou met soveel sorg en liefde die pad agter Jesus aan wys.

Wanneer 'n mens beseft hoe afskuwelik die sondes is, begin jy al meer en meer die sondes haat en daarvan wegvlug. Om die ou mens af te sterf is 'n ernstige en dringende saak. In Paulus se woorde hoor ons hoekom dit so dringend is. Die lewenspad van die mense wat hulle nie steur aan wat Christus hulle leer nie, is 'n afdraande pad.

Met beskrywende woorde gee die Heilige Gees hierdie afdraande pad vir ons weer. Dit begin by die hardheid van die mens se hart. Die woord wat ons vertaal met *hard* soos in 'n harde hart beteken ook *om versteen te wees*. Maar 'n hart raak nie sommer net vanself hard of versteen nie. Die mens is self werksaam om sy hart te laat versteen. Hy verset homself teen die toenadering van die Here. Wanneer die Here sy stem in preke en huisbesoek en tydens evangelisasie laat hoor, druk hulle hulle ore toe. Hulle sluit hulleself toe vir God se liefdevolle soeke na hulle.

Omdat hulle nie die stem van die Here wil hoor nie – omdat hulle hulleself van die waarheid van Jesus afsluit – bly hulle in onkunde. Hulle leer Jesus nie nog beter ken nie. Hulle hoor Hom nooit met hulle praat nie. En die gevolg is dat die onkunde hulle in duisternis laat. Hulle soek lig, maar kry dit nie, want hulle wil nie die lig van God se Woord volg nie. Daarom raak hulle vervreemd van die lewe van God omdat Hy ook nie meer van Hom laat hoor nie. Die mense wat aanhoudend hulle ore toedruk wanneer die Here praat en aanhoudend hulle oë toeknyp wanneer die Here die regte pad wys, word naderhand doof en blind. Die Here sal dan maak dat hulle nie meer hoor en sien nie omdat hulle sy liefdevolle soeke na hulle aanhoudend weerstaan het. En uiteindelik word hulle oorgegee aan losbandigheid om alles te doen wat vuil is. En die drang om losbandig te lewe word so sterk dat hulle nie daarvan sal kan loskom nie, want die Here het hulle aan hulle sonde oorgegee.

Die gelowige wat dus wil toegee aan sy ou manier van lewe, moet dus nou al raaksien watter afdraande pad daar vir hom voorlê. Dit begin maar met die gedagte dat 'n mens klaar gegroei het in jou verhouding met die Here. En wanneer 'n mens nie meer self die Bybel bestudeer en deur God onderrig wil word nie, kom daar verstarring. Dit is soos 'n kar waarvan die wiele af is. Hy staan net op een plek. En as 'n mens dan nog wegraak uit die gemeente uit, is die gevaar bitter groot dat jy sal toegee aan die ou mens wat nou nog maar net stuiptrekkings in jou het. Hoe langer 'n mens dan nie na die Here se stem wil luister nie, hoe meer skemer en later donker word die lewe. En wie op hierdie donker pad

wil volhard, moet weet die Here dan ook later sal ophou roep in liefde en hom maar geheel en al uitlos vir die sonde. Daarom is dit dringend noodsaaklik dat gelowiges in hulle gedagtes en begeertes aanhoudend nuut sal word.

Die tweede deel van die vernuwing is die opstanding van die nuwe mens. ***Dit is die hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.*** Alhoewel die gelowige nie in hierdie lewe volmaak word nie, streef die gelowige voortdurend daarna om gelykvormig gemaak te word aan die beeld van Christus. Die mens wat regtig wedergebore is, sal nooit van homself sê dat hy klaar gegroei het in sy verhouding met die Here nie. Hy is nooit volkome tevrede met die staat waarin hy is nie. Hy sê ook nooit: Ek weet dat ek nie volmaak is nie, maar niemand is volmaak nie. Daarom hoef ek nie meer besorg te wees oor my lewenswyse nie. Solank as wat die Heilige Gees 'n onvolmaaktheid in sy lewe vir hom uitwys, sal hy die onvolmaaktheid in sy lewe haat en bid dat die Gees hom nog meer vernuwe. Gedryf deur die liefde vir Christus wil hy sy Vader in die hemel tevrede stel met die goeie werke.

By die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens sê ons elke keer dat die hart van die gelowige betrokke is. Afsterwe is om hartlike berou te hê oor die sondes. Opstanding is om hartlike vreugde in God deur Christus te hê. Die hartoperasie wat die Heilige Gees by die wedergeboorte op die mens uitvoer om sy kliphart uit te haal en 'n hart van vlees in te plant gebeur eenmalig. Maar die gelowige moet elke dag gewoon raak aan hierdie nuwe hart, want sy ou natuur klou aan die kliphart vas.

Geliefdes, kom ons hou styf vas aan die waarheid van Jesus Christus, ons het Hom mos leer ken. Kom ons onthou altyd wat die Here en die Gees van ons gemaak het, nuwe mense. Dan sal ons ook heelyd bewus wees dat ons kan nuut word. En as ons onthou watter groot ellende en hartseer dit inhou om aan jou ou mens en sy sondige begeertes toe te gee, sal ons altyd weet dat dit dringend noodsaaklik is om aanhoudend nuut te word.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 15-7:5, 6 (43:5, 6)

- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.
- 6 Op hom sal 'k die Godsnaam skrywe, / onuitwisbaar sal dit straal,
met die naam ook van die Godstad / wat van God op aarde daal.
Daar skryf Ek my nuwe Naam ook, / waar hy draer van sal wees.
Laat wie ore het, dan luister / na die roepstem van die Gees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Mei 2018